# NEO-SPEKTRUM

## SIRKELFLITS 1:2023


**NUUSBRIEF VIR SIRKELVRIENDE**



## GESEËNDE KERSFEES & 2023



# DANKBAARHEID



Dié jaar is **in ’n oogwink verby** en voor ’n mens nog kon sê “nuwejaarsvoorneme” is ons in Desember en word daar gespring om klaar te maak wat ons begin het.

’n Mens kyk terug na die laaste 12 maande en daar is **meer as genoeg erkentlikheid** — ons het ’n werk en inkomste, ons het ’n dak oor ons kop en ’n warm bed om in te slaap, ons het ’n motor om ons veilig van een plek na die ander te neem, daar is elke dag iets om te eet en ’n kraan waaruit warm en koue water vloei.

Daar is **waardering** vir die feit dat ons die meeste van die tyd gesondheid en gemoedsrus het. Ons het die emosionele vaardigheid om ons om die slaggate van die lewe te neem. Wel, meestal sou ’n mens kon sê.

Dit was **’n jaar van dankbaarheid** vir geestelike groei en spirituele verdieping.

Ek kyk terug na ’n jaar se temas wat elke maand gedoen is en my hart loop van vreugde oor vir die insig wat dit op soveel aspekte van my geestelike groei gebring het. Waarlik, elkeen van hierdie onderwerpe het inhoud en betekenis gegee in my verhouding met myself, my ewemens, maar bowenal my verhouding met God.

Daar is ook by my ’n dankbaarheid vir elkeen wat Sondae na ons Sirkel kom, vir elke e-pos of WhatsApp van waardering, en vir elkeen wat my deur die loop van die jaar besoek of genooi het na hul huise vir saameet en -gesels oor die dinge van die hart. Bowenal, vir elkeen wat my uitgedaag het om te dink en te herdink oor my verstaan van sekere geloofswaarhede.

**’n Enorme groot dankie** vir die Leierspan en hul ondersteuning deur die loop van die jaar. Vir jul beplanning, leiding, organisering, en kontrole van Neo-Spektrum.

Ek sien met **opgewondenheid uit na 2023** — want ek wéét met hart en siel dat dit ’n GROOT jaar gaan wees. Moenie vra HOE ek dit weet nie, want ek voel dit net in my water.

**Mag dit vir elkeen van julle ’n geseënde Kersseisoen wees.**
**Met dank en waardering.**
**Terblanche**



*edward - redakteur* *ed56chris@gmail.com*



# WELWILLENDHEID

By die Staatsbanket wat Koning Charles III vir President Cyril Ramaphosa en die SA-afvaardiging in Buckingpaleis op 22 November 2022 aangebied het, het beide ‘n kort toespraak gelewer. Beide het met die tong in die kies na die Twickenham-wedstryd op 26 November 2022 tussen die Bokke en die Rose verwys na die twee spanne se wedstryde in 2019 (Bokke bo) & 2021 (Rose bo).

Dit was wonderlik om dwarsdeur die toesprake die welwillindheid tussen die twee staatshoofde waar te neem. Wat ‘n pragtige voorbeeld is dit nie om ook so met welwillendheid teenoor ons medemens op te tree.

**Welwillendheidsdag** of **Tweede Kersdag** val jaarliks op 26 Desember en is die feesdag net na Kersdag op 25 Desember. Hierdie dag vorm ’n tweede dag van een van die Christendom se belangrikste feeste. Voor die Protestantse Hervorming was daar in enkele Duitse lande tot vyf Kersdae, afhangende van die regerende vors se wetgewing.

In Suid-Afrika is 26 Desember eers "Boxing Day" genoem en toe in 1994 hernoem na Welwillendheidsdag. In die verlede is "Boxing Day" as 'n sekulêre vakansiedag beskou. Daar word tans steeds in Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika op Welwillendheidsdag toetskrieketwedstryde gespeel.

Welwillendheidsdag kan beskou word as ‘n dag waarop ‘n mens iets kan teruggee aan die gemeenskap vir alles wat ons so ruim ontvang.

Ek glo dit is wat Neo-Spektrum ook doen. Die dankbaarheid wat ek ervaar as ek Attie van Wyk PS besoek, is groot. Dit is daar waar ons drie salarisse betaal. Drie van die beurshouers (oud-leerders by AvW) het nou matriek geskryf. Vier nuwe beurshouers (ook van AvW) gaan volgende jaar hoërskool toe. Al vier het plek in hoërskole gekry; twee by DHS, een by Scottsville HS en een by Aquilla HS. Die dag toe hulle gehoor het dat NS beurse aan hulle toegeken het, was vir hulle oorweldigend. Vir die afgelope vyf jaar koop ek jaarliks skoolklere en skryfbehoeftes saam met die beurshouers en hulle ouers - en dit nogal nou op amper 76 jaar oud.

So leef NS ook welwillendheid uit soos dit sigbaar was tussen die twee staatshoofde. Ons hoef nie in Buckinhampaleis te wees om welwillendheid uit te leef nie; ons kan dit hier rondom ons doen.

**Behalwe Kersdag ook ‘n wonderlike Welwillendsheiddag vir al die Sirkelvriende!!!**




**SIEN BERIG OP BLADSY 4**

**FOTO GENEEM DEUR WESSEL PRENTZLER**

## BOEKGROEP PRAAT OOR ... EMPATIE & MEELEWING

Tydens die 75-jarige herdenking van die bevryding van Auschwitz is een van die treffende toesprake op 27 Januarie 2020 gelewer deur die 93-jarige Marian Turkski, 'n Pools-Joodse historikus, joernalis en Auschwitz-oorlewende. Hy beklemtoon in sy voordrag dat dit moontlik gemaak is deur duisende klein handelinge en regulasies wat 'n kultuur van verdagmakery, uitsluiting en verontmensliking laat groei het.

In 'n onderhoud op 'n vraag wat hy uit sy ervaring by Auschwitz geleer het baie veelseggend: "If I had to choose one or two words out of all the lessons and all the words, I would choose these: emphathy and compassion. This is what matters in life." (Aangepas uit Die Burger 16 Mei 2022)

Ek het die US-nagraadse-studente vir wie ek klas gegee het altyd na die Holo-caust & Genocide Centre in Hatfieldstraat, bergkant van die Parlement geneem. Hier het ons kennis gemaak met vier Auschwitz-oorlewendes. Een van die oorlewendes, Ella Blumenthal, het jaarliks met die studente kom praat. Sy het altyd gepraat oor die onmenslike gebeure in die wêreld en die studente aangemoedig om dit wat gebeur het nie net te weet nie, maar "dit te voel". Verder het sy altyd gepraat oor "keuses" en die verband daarvan met "moraliteit". Om te voel en regte keuses te maak binne die grense van moraliteit is empatie. Jou glimlag, die moeite om mense se name te onthou, is empatie in aksie. Om mense jou volle aandag in vergaderings te gee, om belangstelling in hulle lewens en gebruike te toon, is empatie. Om in 'n gesprek konstruktiewe terugvoer te gee wanneer jy 'n luisteraar is - dit is empatie in praktyk.

'n Mens moet hierdie vaardighede gereeld oefen om werklik empaties te leef.

Hier is eenvoudige maniere om empatie uit te leef:

1. Luister met die doel om te verstaan. Baie keer wil mense net gehoor word... (Wat maak jy as die ander persoon heeltyd wil praat?)
2. Vra met opregte belangstelling... (Hoe moet mens reageer as jy nie gehoor word nie?)
3. Wees teenwoordig... (Hoe tree mens op as jy sien jou gespreksgenoot is nie "teenwoordig" nie?)
4. Stop om bevooroordeeld te wees...
5. Vermy ongevraagde raad...
6. Kyk jou gespreksgenoot of genote in die oë...
7. Erken ander se gevoelens...
8. Moet jy in terugvoering in 'n gesprek vertel van jou ervaring? Is dit empatie in praktyk? (Lysie vanaf internet aangepas)

Empatie is ook om in ander mense se blydskap te deel en in te leef.

In kort gestel, is empatie

**"om jouself in iemand anders se skoene te plaas".**

**DIE BOEKGROEP-BESPREKING OP 5 DESEMBER 2022 OOR EMPATIE & MEELEWING IS DEUR EDWARD SMUTS GELEI.**

**DIT WAS OOK DIE AFSLUITINGSFUNKSIE VAN DIE JAAR SE BOEKGROEP-BEDRYWIGHEDE.**

**Die Boekgroep (8 -12 lede) het op 28 Mei 2013 vir die eerste keer vergader en het op 5 Desember 2022 reeds 79 keer vergader. Die volgende Boekgroep is 6 Februarie 2023 wanneer dr Rudi Labuschagne die gesprek gaan lei.**
**Skakel Lydia by 084 751 5401 of lydialeroux4@gmail.com**

# S O M E R F E E S
# 12 NOVEMBER 2022





The Tangram reg om die gaste te ontvang



Onder: Riaan Schoeman, Tienie & Joanita Louw in 'n ligte luim






DIE SOMERFEES & VEIL-ING IN VOLLE SWANG

ONDER:
TERBLANCHE JORDAAN & DESMOND SMITH ASOOK FRED & MARITA vD RIET EN ESTELLE SMITH IN DRUK GESPREK MET AANKOMS.








**P I E T V A N W Y K PHOTOGRAPHY**

076 054 0154
darkroom62@gmail.com
Weddings
Corporate
Portraiture
Food
Personal
Events




**DANKIE PIET VIR AL DIE PRAGTIGE FOTO'S**

**BO REGS: MARIE VAN WYK IN 'N VROLIKE LUIM**

**REGS: SEBASTIAAN BRUNDYN EN SY MA, ELANA, IS DIE WENNERS VAN DIE EERSTE PRYS VAN DIE LOTING**

# VEILING IN VOLLE SWANG



JOHANNES LOUBSER BESIG TYDENS DIE VEILING



DIE AFSLAERSPAN AAN DIE GANG TYDENS VEILING



BOD WORD OP CHRISNA SMUTS TOEGESLAAN

ONDER: SONJA ROUX WONDER OF SY SAL OF NIE



REGS: MARITA VD RIET MAAK 'N AANBOD





STEGMANS IN DRUK GESPREK TYDENS VEILING



ELSE-HELENE LOUBSER MAAK EERS SOMME VOOR SY AANBOD MAAK TERWYL ELINE LOUBSER TOEKYK



REGS: ELINE LOUBSER ONTVANG DIE TWEEDE PRYS VAN DIE GELUKKIGE TREKKING BY JOHAN MULLER

# NEO-SPEKTRUM: 2023

- 25 Jan: UK Vergadering
- 16 April: Gewone JV
- 3 Mei: UK Vergadering
- 6 & 13 Mei: G vd B Werksw.

Mei- Junie: Winterhoop MES

## WYSHEIDSIRKEL VAN NS

ELKE SONDAG OM 10:00

IN DIE KAPEL BY

KOLPING SENTRUM


## GESPREKSGROEPE

(terblanche@neospektrum.co.za)

- Bespreek:
  Universal Christ - Richard Rohr

Veragder elke tweede week met byeenkomste in Oktober op

| | |
|---|---|
| Stad: | 24 Oktober 2022 |
| Kolping: | 27 Oktober 2022 |



## BOEKGROEP

(lydialeroux4@gmail.com)

- Vergader weer om 19:00 op 6 Februarie 2023 by Jacquestraat 9, Uitzig, Durbanville.
- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor. Dit dien as aanknopingspunt vir verdere bespreking.
- Op 6 Februarie 2023 is dr. Rudi Laubuschagne die gespreksleier.
- Die programdatums:
  - ⇒ 6 Maart 2023
  - ⇒ 3 Mei 2023
  - ⇒ 5 Junie 2023

Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com